

SARS BEDRYWIGHED DUUR VOORT

PRETORIA, Vrydag 29 Maart 2019 - Daar was tot dusver geen noemenswaardige ontwrigtinge aan SARS-doeanebedrywighede by plekke van binnekoms, veral by grensposte nie.

Alle doeane grensposte is operasioneel met die nodige gebeurtelikheidsplanne wat vooraf in plek gestel is. Doeane het goeie ondersteuning ontvang van wettoepassingsagentskappe by alle grensposte, veral vanaf die Suid-Afrikaanse Polisiediens, wat geleei het tot minimale impak op hulle. SARS het mediaverslae nagegaan wat 'n aantal trokke uitgewys het wat by 'n landsgrens tou gestaan het, maar dit kon aan gewone verkeer toegeskryf word en nie die staking nie, omdat trokke vir klaring wag voordat hulle kan voortgaan.

SARS het naburige lande, die Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) en die Suider Afrikaanse Doeane Unie (SACU) 'n paar dae gelede van die naderende staking ingelig, sodat hulle nie onkant gevang word nie. Daar was geen impak op hulle nie.

Daar was enkele pogings tot intimidasie van personeellede en om die verkeersvloei by grensposte te ontwrig, maar die situasie is spoedig onder beheer gebring deur SAPS. Een SARS-beampte is by die Lebombo-grenspos in hegtenis geneem. Ons is nie bewus van enige ander voorvalle of vertragings nie.

Ten opsigte van SARS-takke, monitor SARS voortdurend verwikkelinge by alle terreine, en die nuutste verwikkelinge kan op ons webtuiste en Twitter-voer @sarstax besigtig word. Besonderhede rakende dienste by takke, asook wat om te doen indien jy nie 'n SARS-tak kan binnegaan nie, is ook op hierdie platforms beskikbaar.

Uit 53 SARS-takte landswyd, is 33 gesluit weens te min personeel. Die Suid-Afrikaanse publiek word aangeraai om van alternatiewe betalingsmediums te gebruik:

Vir belastingbetalings:

- By 'n banktak;
- Elektroniese fondsoordrag (EFO); of
- deur [eFiling](#).

Vir meer inligting oor belastingbetalingsopsies, besoek ons [How do I Pay](#) webblad.

Vir doeane-betalings:

- [eFiling](#); of
- EFO.

Vir meer inligting oor doeane-betalingsopsies, besoek ons [Customs Payments](#) webblad by www.sars.gov.za.

Met betrekking tot enige uitstaande skuld navrae en uitstellingsreëlings, kan versoek na die volgende e-posadresse gestuur word:

- Debt1@sars.gov.za vir Alberton-tak (insluitend Nigel, Germiston, Brakpan, Boksburg, Benoni, Vereeniging en Springs)

- Debt2@sars.gov.za vir Pretoria, Limpopo en Noordwesprovinsie
- Debt3@sars.gov.za vir KwaZulu-Natal en Oos-Kaapprovinsies
- Debt4@sars.gov.za vir Wes-Kaap, Noord-Kaap en Vrystaatprovinsies
- Debt5@sars.gov.za vir Megawattpark (insluitend Johannesburg, Roodepoort, Randfontein en Krugersdorp)

Hoewel SARS die reg van werkers om te staak erken, is ons ewe bewus van die staat se verpligting om seker te maak dat daar genoegsame hulpbronne is om landsburgers met toegang tot gesondheidsdienste, genoeg kos en water, maatskaplike ondersteuning, behuising en basiese onderrig te voorsien.

SARS doen alles in sy vermoë en bekostigbaarheidsvlak om die dispoot op te los.

SARS het 'n interim interdik vanaf die arbeidshof bekom om vakbondunielede te verbied om te staak op enige plekke buiten die wat uitgewys is in die CCMA se stakingsreëls wat op 18 Maart 2019 uitgereik is. Dit volg na onwettige stakings en vele byeenkomste wat plaasgevind het op plekke buiten die waarop ooreengekom is, wat die SARS-hoofkantoor in Brooklyn, Pretoria en die SARS Alberton-kampus is.

SARS en georganiseerde arbeid ontmoet vandag, Vrydag 29 Maart 2019 by die CCMA om formele besprekings te hou om die stakingsreëls aan te pas.